# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 51** **Nr 26** **2 Augustus 2026**


## Gebed – Die Gelowige se Gesprek met God

Gebed is een van die grootste voorregte wat God aan sy kinders gee. Deur gebed mag ons met eerbied, maar ook met vrymoedigheid, tot die Here nader. Dit is nie bloot 'n lys van versoeke nie, maar 'n persoonlike gesprek met ons hemelse Vader, waarin ons Hom loof, ons sondes bely, dankie sê en ons behoeftes aan Hom bekend maak.

Die Here Jesus het sy dissipels geleer hoe om te bid en het self 'n lewe van gebed gelei. Hy het dikwels afgesonder om met sy Vader te praat. Dit herinner ons daaraan dat gebed nie net vir moeilike tye bedoel is nie, maar deel van ons daaglikse wandel met God behoort te wees.

Die Bybel leer dat God die gebede van sy kinders hoor. Tog antwoord Hy volgens sy volmaakte wil en wysheid. Soms is sy antwoord "*ja*", soms "*nee*", en soms "*wag*". Daarom bid ons met vertroue, maar ook met oorgawe aan sy wil.

Ware gebed kom uit 'n opregte hart en word gedra deur geloof in Jesus Christus. Soos Filippense 4:6–7 ons leer, hoef ons oor niks besorg te wees nie, maar moet ons alles deur gebed en smeking, met danksegging, aan God bekend maak. Dan sal die vrede van God ons harte en gedagtes bewaar.

Mag ons daarom volhard in gebed, want dit versterk ons geloof, bring ons nader aan God en leer ons om in alle omstandighede op Hom te vertrou.

*Die **Bybelskool van Centurion** olv ds Maarten begin eerskomende Dinsdag 4 Augustus oor die **Gebed**. Moet dit nie misloop nie. Ons het verskeie sprekers ingevoer. Elke Dinsdagaand van 19:00 -20:30 in die kerkgebou. Sien jou daar!*

Ds Maarten

# ALGEMENE INLIGTING

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 15, Ps 116-1:1,10 **Volgende week**: geen

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 02-Aug | A16 | Johan Hoogendyk | Jan Erasmus | Casper Swanepoel | Hein Kaiser | Carina vd Dussen | Gert Reinecke |
| 09-Aug | A17 | | Fred Reynecke | Cilliers vd Merwe | Louise van Niekerk | Adrian VNiekerk | Luan van Niekerk |

## KOLLEKTES

| | |
|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Kerkkas** (by die deure) |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Emeritaatsversorging** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 02 Aug. | Rulise | Badenhorst | A02 | 0823592603 |
| | Sonet | de Souza | A08 | 0835611221 |
| | Brittney | du Plooy | B03 | 0785573096 |
| | Paul | vd Berg | A04 | 0842632055 |
| 03 Aug. | Thinus | du Plessis | B18 | 0616837189 |
| | Chene | vd Walt | A05 | 0795174273 |
| 04 Aug. | Gerda | Guldemond | A01 | 0823373326 |
| | Hans | Stronkhorst | C05 | 0826192419 |
| | Rina | Venter | C01 | 0714034143 |
| 05 Aug. | Lydia | Bezuidenhout | B03 | 0835655789 |
| | Koos | Pretorius | B18 | 0834595591 |
| | Lee-Anne | v Niekerk | C06 | 0722330949 |
| 07 Aug. | Anthoni | Coetzee | B05 | 0798917932 |
| | Babs | Grobler | C04 | 0835377200 |
| | Pieter | vd Dussen | B17 | 0824167188 |
| 08 Aug. | Myburgh | Brink | A15 | 0617431100 |
| | Rina | Scholtemeijer | A01 | 0767131710 |
| | Stephan | vd Walt | C06 | 0613468824 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 04 Aug. | Karla | Gerber | C14 | 0827227097 |
| 05 Aug. | Leandri | vd Bijl | C04 | 0732144780 |
| 07 Aug. | Tertius | Horak | B12 | 0637757061 |
| 08 Aug. | Delaney | Fouché | A13 | 0835715047 |

***Bedaar en erken dat Ek God is,***
***hoog bo die nasies,***
***hoog bo die aarde.***
***Die Here, die Almagtige, is by ons,***
***die God van Jakob is vir ons 'n beskutting.***

***Psalm 46:11 en 12***

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Mariana Pelser het prosedure ondergaan (C4 – 0826544789).
- Wico en sy seun Keanu Breedt sterk aan in Unitas hospitaal (A14 – 0826042956).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Volwasse toerusting

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en die volwasse toerusting wil voltooi kontak asb:

ds. Lourens 0825292330/
kerkkantoor 0126442614

*Neem asb. kennis dat die deur tussen die moederskamer en die kerk voortaan gesluit is. Lidmate kan gebruik maak van die konsistoriedeur of die hoofdeur van die kerk. Moederskamer is slegs vir moeders met babas.*

## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Rev Maarten van Helden

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Soek jy ‘n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.

## Wyse Gryses

DV Maandag 3 Augustus 2026

om 10h00

in die Kerksaal

Trudie Steyn gaan Vrouemaand vir ons inlei met 'n praatjie oor "*Wit klere deur geloof en dade: Die vrou (en man) na God se hart".*

Dit beloof om heel insiggewend en verwarmend te wees vir die laaste wintermaand van hierdie jaar!

Kom gerus en beleef die warm samesyn van ons Seniors!

Almal hartlik welkom!

## B Y B E L S K O O L

**4 Aug – 8 Sept 2026**

**U WORD HARTLIK UITGENOOI**




**Sessie 1 :** Ds Maarten van Helden

**Tema 1**: *‘n Inleiding tot gebed*

**Datum**: Dinsdag 4 Augustus 2026

**Tyd en plek:** Dinsdae 19:00-20:30, GK Centurion

**Kostes:** R200 pp, studente & kinders slegs R100 pp

Betaal in kerk rekening met jou *naam* en “*Bybelskool*” as verwysing of kom net en betaal by die deur!

Kontak persoon: Christi Venter: 082 940 1555

## Plastiekdoppies

Bring jou plastiekdoppies in 'n plastieksak kerk toe en gooi dit in die houer op die stoep.

Dink solank aan 'n oulike naam vir die projek en stuur jou voorstel per Whatsapp aan Cornea v Niewenhuizen. Teen volgende nagmaalnaweek sal die naam bekendgemaak word.

Vir enige navrae WhatsApp Cornea v Niewenhuizen 064 532 6804



## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.




**2 Aug.**

Hannie vd Bergh C7

Lené vd Walt C8

**9 Aug.**

Geen a.g.v. langnaweek







ELAND • BLESBOK • ROOIBOK • BLOUWILDEBEES • KOEDOE
JAG VIR JOU KERK
WILD EN VLEIS • GEE TERUG • BOU DIE TOEKOMS
VIR ONS KERK • VIR ONS MENSE • VIR SY KONINKRYK
DEUR JAGTERS
VIR ONS KERK
VIR SY KONINKRYK
Saam jag ons, saam groei ons, saam bou ons kerk.


FAMILIESTEMME
2026
Datum & Tyd
Vrydag, 11 September 2026
Deure open: 18:00
Samesang begin: 19:00
BEGELEIDING MET
Pyporrel
EN ENSEMBLES
GEREFORMEERDE KERK CENTURION
Basdenlaan 227, Die Hoewes, Centurion.

## *Gemeente Kuierkamp*

**4-6 September 2026**

**Wagondrift, Cullinan**

# *Inskrywingsvorm*

Ek/Ons stel belang om die kamp by te woon:

Naam: ______________________________ Selfoon: ______________

Kampstaanplek @ R1 200 per tent, woonwa of boswa, vir die naweek, etes ingesluit

*Uit Hom, Deur Hom, Tot Hom en Aan Hom*

Ek wil graag die kamp bywoon maar het finansiële hulp nodig asb:

Naam: ______________________________ Selfoon: ______________

***Voltooi en gooi in die kollektesakkie of gee dit in by die kamptafel onder die Olyfboom of stuur 'n foto daarvan vir Rudy 082 468 6035 / gkckamp@gmail.com***




## *Voorspel inligting*

### Oggenddiens Psalm 131

Psalm 131 is die twaalfde in 'n reeks van 15 psalms (Psalms 120–134) wat gesing is terwyl hulle na Jerusalem opgetrek het vir heilige feeste. Hoewel geen spesifieke gebeurtenis in sy lewe onteenseglik met die skryf daarvan verbind kan word nie, meen sommige kommentators dat dit 'n volwasse Dawid weerspieël wat terugkyk op die beproewings van sy jeug (soos toe hy deur Saul vervolg is of met valse beskuldigings gekonfronteer is) en kies vir stille vertroue bo politieke ambisie of hoogmoed.

### Aanddiens Psalm 31

Jesus het Psalm 31:5 ("In u hande gee Ek my gees oor") aangehaal terwyl Hy aan die kruis gesterf het (Lukas 23:46), en sodoende Dawid se persoonlike gebed om redding verander in die ultieme uitdrukking van vertroue op God te midde van lyding.

# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 09:00

# Dit gaan nie oor jou nie

**Skriflesing**:
Psalm 57 (1983)

**Teksvers**:
Psalm 57:12 (1-3)

**Sing**:
Ps 84:1,2,6
Sb 9-1:1,11
Ps 65:3
Sb 5-3:1,2,5
Ps 150:1-3
Sb 13-3

Ds Maarten van Helden

Ek onthou eendag tydens neem van 'n groepfoto dat die fotograaf vra dat ek nou tog net moet stilstaan... "*die foto gaan nie oor jou nie*", het hy gesê. Ek was bietjie afgehaal, maar die diepte van die waarheid bly my altyd by. Dis 'n groepfoto!

Die koninkryk is groter as sy burgers. Die bos is meer as die grootste boom. Die mens se doel is groter as die mens self!

Miskien moet ons almal bietjie minder met onsself en ons eie dinge besig wees en ons fokus in orde kry.

Want uit Hom en deur Hom en TOT Hom is alle dinge...!

## S O N D A G A A N D 18:00

# Saam opgebou tot 'n woning van God

**Skriflesing**:
Efesiërs 1:22–2:22 (1953)

**Teksvers**:
Efesiërs 2:19-22

**HK**: Sondag 21

**Sing**:
Ps 122:1,2
Ps 84:1,3,5
Ps 133:1,2
Sb 13-3

Student: Braam v Tonder

Die kerk is nie 'n menslike instelling nie, maar God se verbondsvolk wat deur sy genadige belofte tot stand kom.

Omdat Christus sy kerk bou tot 'n woning, word gelowiges geroep om die eenheid wat Hy geskep het, te bewaar deur getrouheid aan die evangelie, die sakramente en Christelike tug. Die troosvolle versekering wys daarop dat Christus sy kerk voltooi as God se ewige woning.